# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (45/13)

*Justin Chadwick (8 November 2013)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "It was the best of times, it was the worst of times, it was the age of wisdom, it was the age of foolishness, it was the epoch of belief, it was the epoch of incredulity, it was the season of Light, it was the spring of hope, it was the winter of despair…" Charles Dickens***

## DIE 2013 SITRUS UITVOERSEISOEN

Charles Dickens se wysheid vind waarskynlik aanklank by baie in die sitrusbedryf – met so baie "up's and down's" in 2013. Ongelukkig sal meeste van die pomelo-uitvoerders waarskynlik kan vereenselwig met die woorde "wanhoop" en "duisternis". Die rekord-oes van suider-Afrika se pomelo's – alhoewel van uitstekende gehalte – kon net nie 'n mark vind nie. Selfs in markte waar die volumes nie die vorige jaar se vlakke oorskry het nie, was die pryse swak – terwyl in markte waar daar 'n ooraanbod was, is die uitvoerders gestraf. Alhoewel daar met trots gesê kan word dat hierdie 'n rekord uitvoervolume van pomelo's was (die vorige rekordoes was die rampspoedige 2005 volume van 16.5 miljoen kartonne) – as elke karton 'n verlies gemaak het dan is dit seker 'n rekord-verlies!! Die ander "down" in 2013 was die EU se standpunt oor CBS – die bedreiging van die sluiting van die mark het tot buitengewone maatreëls gelei om die risiko om besmette vrugte uit te voer, te verminder met "rofweg" geskatte kostes van R1 biljoen wat deur produsente aangegaan is. Hierdie kostes sluit "un-stuffing and re-stuffing" van houers, "diverting" van houers oppad na Europa, her-uitvoerkostes, "demurrage" kostes, detensiekostes en boetes in. Ander kostes in terme van nie-nakoming van ooreenkomste (en gevolglike skade aan reputasies) en verkope in minder winsgewindende markte moet ook by die bedrag gevoeg word. Suurlemoene is die swaarste getref deurdat baie suurlemoenprodusente besluit het om die EU-markte heeltemal te vermy. As gevolg hiervan was suurlemoene die enigste kategorie wat nie 'n rekordoes gehad het nie (alhoewel die 10.6 miljoen kartonne wat in 2013 uitgevoer is, slegs effens minder is as die 2011 se 10.7 miljoen karton veldtog). Die kostes van CBS-beheer is moeilik om te aanvaar omdat die CBS-kundiges eens is dat daar geen risiko vir CBS is nie - ongelukkig het die reguleerders dit nie in ag geneem nie en dus het uitvoerders geen keuse anders as om daaraan te voldoen nie. Hopelik sal die wysheid seëvier en sal die CBS-PRA die bewyse teen die voortgesette CBS maatreëls in die EU erken.

Die sagte sitrus sektor het 'n rekord van 8.4 miljoen kartonne uitgevoer – met betekenisvolle groei in laat mandaryne - (ten koste van satsumas). Dit is 'n beduidende groei oor laas jaar se 7.6 miljoen kartonne en is 'n verdubbeling van volume oor die laaste tien jaar (2003 se volumes was 3.5 miljoen kartonne). Ten spyte van hierdie rekord-volumes, het sagte sitrus 'n redelike tot goeie verdienste in die meeste markte behaal. 'n Rekord is ook deur die lemoensektor behaal – met valencias wat die 50 miljoen karton merk behaal het. Alle lemoenvolumes was 76.3 miljoen kartonne – 'n beduidende groei oor 2012 se 71.7 miljoen kartonne. Alhoewel nawels ook in volume toegeneem het, het die tempo van toename afgeneem en daar word verwag dat hierdie kategorie nou 'n plato bereik het na die geweldige groei oor die afgelope vyf jaar.

Die vertoning van die Suid-Afrikaanse Rand het baie met die groter volumes en beter verdienstes te doen. Die rand het met tussen 16 en 23% verswak wanneer Julie, Augustus en September 2013 met dieselfde maande in 2012 vergelyk word; terwyl in Oktober het die rand effens herstel met die vergelyking tussen 12 en 17% swakker (dit is vir die belangrikste geldeenhede US$, GBP en Euro). Die verswakking van die Rand het 'n negatiewe impak op die prys van ingevoerde benodigdhede en op vervoer en vragkostes gehad. Hierdie insetkoste-inflasie was ook belangrik vir administratiewe pryse soos krag en arbeid (met die minimum lone se verhoging wat nou 'n effek het).

In die volgende paar weke sal die nuusbriewe die uitvoerprestasies van die verskillende sitrussektore van suider-Afrika ontrafel.

## EGIPTE

In 'n vroeëre nuusbrief is daar 'n aanduiding van die komende noordelike halfrond se seisoen gegee, maar sonder Egipte se inligting. Egipte word alhoemeer 'n belangrike speler in die globale sitrus arena en daarom is dit handig om Egiptiese inligting van CLAM te ontvang (sien hieronder).




| Expected Citrus Exports by varieties 2013/2014 | | |
|---|---|---|
| **Variety** | **Qty/Ton** | **% of Total** |
| **Orange** | 1 053 697 | 93.5% |
| **Lemon** | 32 209 | 2.9% |
| **Mandrin** | 25 419 | 2.3% |
| **Grapefruit** | 15 333 | 1.4% |
| **Other varieties** | 257 | 0.0% |
| **Total** | **1 126 915** | **100.0%** |

**GEPAK EN VERSKEEP** Swaziland en Zimbabwe gepak – Pomelo's 1 miljoen kartonne; Valencias gepak 2.9 miljoen kartonne. *skatting

| Tot Week 45 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 15.5 m | 13 m | 17.9 m | 13 m | 17.6 m * | 15 m | 17.9 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 6.9 m | 7.6 m | 8.4 m | 7.6 m | 8.4 m | 8.2 m | 8.4 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 10.7 m | 10.5 m | 10.6 m | 10.5 m | 10.6 m | 11.1 m | 10.6 m | 10.5 m |
| Nawels | 21.2 m | 24.6 m | 25.4 m | 24.6 m | 25.4 m | 24.9 m | 25.4 m | 24.6 m |
| Valencias | 41.4 m | 47.2 m | 51 m | 46.7 m | 48.6 m | 47.7 m | 51 m | 47.2 m |
| Totaal | 95.7 m | 102.9 m | 113.3 m | 102.4 m | 110.6 m | 106.9 m | 113.3 m | 102.9 m |

**SUIDER AFRIKA SE SITRUS PRODUSENTE SE MAATSKAPPYE CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE BEDRYF**